

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



Twin Mosia appointed to serve as (FSPHRA)

4

Mampoerfees op 3 Junie met 'n Heilbron-konneksie!

3



GELUK BY DIE ONGELUK

Motoris tref gesteelde beeste

Daar was 'n ongewone voorval op die Frankfort-Heilbronpad toe 'n motoris Saterdagmiddag in twee beeste vasgery het. Die persoon het gelukkig geen ernstige beserings opgedoen nie. Die beeste wat getref is, was gesteelde beeste wat aan Dr Lood Spies, geneesheer en boer van Heilbron behoort. Daar word beweer dat 'n grensdraad ongeveer 19:00 geknip was en dat die beeste deur sy plaas en oor die teerpad aangejaag is. Na die ongeluk het die bestuurder uit sy voertuig geklim om ondersoek in te stel van die skade aan die voertuig. Hy kon hoor hoe iemand die beeste aanjaag. Die veediewe het intussen spore gemaak. Slegs die ander gesteelde vee is langs die pad gevind. Dit is verstommend dat die drywer nie beseer was nie en hy was goedhartig genoeg om die

gesteelde beeste aan te keer en terug te jaag na die plaas. Onder die gesteelde beeste was beeste van Hans Mouton, wat ook in die omgewing boer. Kamera stelsels op die paaie maak dit vir veediewe al hoe moeiliker om vee te steel en probeer hulle enige denkbare manier om nou by dit verby te kom. Alhoewel Dr Spies sy beeste veilig teruggekry het, het hy 'n saak by die plaaslike polisie gaan oopmaak, waar hy die voorval van poging tot veediefstal aangemeld het. Vee eienaars word aangemoedig om alle voorvalle van veediefstal aan te meld by die SAPD. Die brandmerk van vee is wetlik verpligtend en help ook om eienaars van vee vinnig op te spoor in gevalle waar veediefstal vermoed word.

GROOTWILDJAGTERS!

HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.

7 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:

- 1 x Buffelbul (2 Persone)
- 2 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Swartwildebees, 1 x Biesbok (Dagjag) - AREA HEILBRON
- 1 x Swartwildebees, 2 x Biesbokke, 1 x Springbok (8 Persone)
- 2 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok, 1 x Vlakvark (2 Persone)
- 3 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok (4 Persone)
- 3 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 3 x Biesbokke (Dagjag) - AREA HEILBRON
- 1 x Swartwildebees, 1 x Springbok, 2 x Biesbokke (4 Persone)
- 2 Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON

PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000

NGK HEILBRON FONDSINSAMELINGSPROJEK

NAVRAE: • JACQUES 083 268 0980
• ABRIE 083 635 2946

Kaartjies te koop by **POSTNET HEILBRON**
Tel: 056 857 0006
heilbron@postnet.co.za

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451

BKB
The Trusted House of Agriculture
The Butterworth Estate and Salubria

www.bkb.co.za

Johnny Claassen
082 779 3417

JCB

Eben Claassen
072 581 7627

WILGE CHEM

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

Die betekenis van Pinkster

Vir die Christen beteken Pinkster beslis nie wat dit vir enigiemand anders beteken nie. Vir iemand wat Christus bely, beteken dit dat sy lewe behoort te verander om vir die wêreld te wys wat hy glo oor Pinkster. Die Heilige Gees het tydens Pinkster in mense kom woon. As ons dan in Galasiërs 5:22 lees wat die aard (vrugte) van die Heilige Gees is, sien ons dat dit Liefde, Vrede, Vreugde (blydskap), Geduld, Vriendelikheid, Goedhartigheid (mededeelsaamheid), Getrouheid, Nederigheid en Selfbeheersing is. Dit beteken dat, as jy Christus bely, die wêreld hierdie eienskappe in jou lewe kan sien. Ons as mense laat egter soveel kere toe dat die wêreld net homself in ons sien in plaas van dít wat ons sê dat ons glo. Die wonder hiervan is egter dat die Here wêét hoe swak ons is. Daarom hoef ons net vir die Gees te vra om ons hiermee te help; en Hy sal dit doen. Maar hoekom sal ’n mens dit doen? Ons Christene is op die aarde vir twee redes: Ons moet God se Woord verkondig en Sy koninkryk uitbrei. As ons lewe dus ’n lig (voorbeeld) is om vir ander te wys wie Christus is, doen ons altwee hierdie dinge.

AfriForum doen dit weer



AfriForum Heilbron-tak is weer hard aan die werk om Heilbron skoon te hou. In samewerking met Eben Stander se tuindienste het AfriForum begin om Langmarkstraat oorkant 96 on Breë gastehuis skoon te maak. AfriForum het ’n tender uitgereik vir iemand om teen betaling te help met die skoonmaak van die dorp, maar daar was geen ander aansoekers behalwe Eben en sy span nie. Hierdie inisiatief is ’n mooi voorbeeld van samewerking en die omgee vir die omgewing in die gemeenskap. AfriForum Heilbron-tak, saam met Eben Stander se tuindienste, gee nie net om vir die netheid van die dorp nie, maar ook vir die algehele welstand en trots van die inwoners.

Rook is nadelig vir jou gesondheid

• Heilbron Kliniek

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie sal rook teen 2030 die vernaamste oorsaak van sterftes in die wêreld wees. In lande soos die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk en Kanada veroorsaak rook reeds die dood van meer mense as heroïen, kokaïen, alkohol, VIGS, brande, moorde, selfmoorde en padongelukke gekombineerd! Tabakverwante siektes veroorsaak jaarliks die dood van 25 000 mense in Suid-Afrika. **Hoekom is rook so gevaarlik?** Sommige van die siektes wat deur rook veroorsaak kan word: Hartaanvalle, beroertes, bloedvatsiektes, emfiseem, kroniese brongitis, maagsere, impotensie, kanker van longe, keel, stembande, mond, tong, slukderm, blaas, pankreas, niere, maag en serviks. **En in vroue:** Vroeë menopouse en osteoporose. Boonop is die babas van moeders wat rook meer geneig om ondergewig te wees by geboorte,

stilgebore te word, of voor hulle eerste verjaarsdag te sterf. **Rookverwante siektes lei nie net tot die dood nie** Dit kan ook jare van ellende veroorsaak. Verstopde bloedvate kan pyn in die bene veroorsaak tydens oefening en kan selfs tot die amputasie van ’n ledemaat lei. Borsprobleme soos emfiseem kan jou vir jare bedlënd maak en om elke asemteug laat veg. Rokers kan reeds in hulle 30’s en 40’s probleme ondervind, maar selfs 18-jarige rokers is nie so fiks soos hulle vriende wat nie rook nie. **Familie en vriende** Jou familie en vriende kan ook daarby baat as jy ophou rook. **Wat jy behoort te weet oor tweedehandse rook:** • In Suid-Afrika word ons blootgestel aan tweedehandse rook by die huis, terwyl dit beperk word op skool, in openbare plekke, op openbare vervoer, in restaurante en by die

werk. • Tweedehandse rook is die rook wat rokers uitblaas. Dit word soms omgewingstabakrook genoem. • Sigaret-, sigaar- en pyprook kan ernstige gesondheidsprobleme veroorsaak en nie net vir rokers nie. • Omtrent 15% van die rook van ’n sigaret word deur die roker ingeasem. Die res word in die lug opgeneem. • Wanneer ’n nie-roker tweedehandse rook inasem, word dit passiewe rook genoem. **Tabak en tweedehandse rook bevat 4500 chemikalieë** Chemiese toetse op tabakrook het bevind dat ‘systroom’ rook meer teer en ander kankervormende chemikalieë bevat as ‘hoofstroom’ rook. Wanneer ’n sigaret aangesteek word, word bykans 85% van die rook in die atmosfeer vrygestel as ‘systroom’ rook. Sommige chemikalieë in tweedehandse rook bevat prikkelmiddels en sistemiese gifstowwe soos waterstofsianied,



sulfaatdioksied, koolstofmonoksied, ammoniak en formaldehid. Rook uit die brandende punt van ’n sigaret bevat meer gifstowwe as die rook wat deur die roker ingeasem word. **Affekteer tweedehandse rook die gesondheid van ’n nie-roker?** Ongetwyfeld! As ’n roker is jy sekerlik bewus van die effek wat rook op jou gesondheid het, maar het jy geweet, wanneer jy rondom ander mense rook, hulle gesondheid ook geaffekteer word?



Uit die pen

Week 21 van 2023



se ore wys na regs. En behoed jou siel as jy een skuif! Elke plastiekbakkie word met sy deksel op in die kas gebêre want om na ’n bakkie se verlore deksel te soek, sal my mal maak.

So kan ek aangaan. Maar moenie dink dat alles in die huis altyd kraaskoon en netjies is nie. Vriendelike Ennie kom elke Saterdag skoonmaak terwyl ek stryk. So, teen Woensdag lyk die huis nie meer soos wat dit Saterdagmiddag gelyk het nie.

Wanneer ek ’n dokument moet voorberei, maar ek seker dat alles gespasieër is, die opskrifte in die middel en alles netjies onder mekaar in kolomme. Ek maak seker dat die inligting daarin vervat, honderd persent reg is.

As ek vir iemand ’n dokument moet uitstuur, raak ek effens gespanne want ek is nie altyd seker of dit perfek is nie.

Maar soms kry jy ’n vieslike speek in die wiel. Eergister het ek ’n e-pos gestuur na ’n diensverskaffer wat eintlik net ’n verskaffer is, want daar is geen diens nie. Ek was hom goed die kop omdat hy nie sy werk doen nie, en ek het nie antwoorde wanneer iemand navraag doen oor iets wat hy moes doen nie.

En toe stuur ek dit na die verkeerde mens se e-posadres. Jinne, dit maak my mal van kwaadheit. Hoe kon ek so stupid wees? Het ek nie gedink nie?

Toe ’n vriendelike kollega noem dat ek dit aan die verkeerde mens gestuur het (ek het die kollega ingesluit met die e-pos), hol ek terug na my rekenaar en probeer die

e-pos herroep. Ongelukkig was ek te laat, en die arme (verkeerde) ontvanger het reeds gereageer: “Ek dink nie hierdie e-pos was vir my bedoel nie.”

Stupid stupid stupid.

Die les van die week is om nie so hard op jouself te wees nie. Laat jouself toe om foute te maak, maar probeer, sover dit vir jou moontlik is, om dit te vermy.

Klink na ’n vreeslike teenstelling, ek weet.

Dink so daaraan: Dis net diegene wat niks doen nie, wat nie foute maak nie.

Na my beskeie mening plaas ons te veel druk op onself. Laat jouself toe om af en toe ’n fout te maak. Leer daaruit en moet dit nie weer doen nie.

Die ander dag het ek oor die verskillende generasies geskryf. Generasie Z en generasie alfa (gebore vanaf 1997) het nie ’n saak om ’n fout te maak nie. En ek dink nie dit pla hulle wanneer hulle ’n fout maak nie. Ek is ook van mening dat dit nie geld vir die ander generasies nie.

Ek dink julle het al die volgende gelees: As ’n onderwyser ’n fout maak, vee hy dit uit. As ’n tandarts ’n fout maak, trek hy dit. As ’n dokter ’n fout maak, begrawe hy dit. As ’n regter ’n fout maak, word dit wet. As ’n skoolkind ’n fout maak, kom hy volgende jaar terug.

Bogenoemde somer tong in die kies. Net om te illustreer dat enige mens ’n fout maak. Sommige foute is massaal (ek weet glad nie wat “massaal” beteken nie, my ma het die woord gebruik om iets wat baie

groot is te beskryf). Sommige foute is net bloot klein menslike foutjies.

Dit dien geen doel om jouself heeldag te kasty oor die foute nie. Wat baie keer met my gebeur, is dat ek ’n swaar juk dra wanneer ek ’n fout maak. Ek voel die hele dag, somer die hele week, sleg daaroor. Kan jy glo: daar is dan oomblikke wanneer ek nie meer kan onthou waarom ek sleg voel nie, maar ek voel dit nog steeds.

Ons sê partykeer dat Calvyn op jou skouer sit. Hy fluister die heeltid: “Voel sleg, jy is nie goed genoeg nie, kyk hoe lag die mense vir jou agter jou rug. Niemand glo en vertrou jou nie. Nuttelos is jy!”

En ek wonder by myself waarom ek dit toelaat?

Ek sou nooit hieraan gedink het as my kollega my nie daarvan bewus gemaak het nie. “Iemand mag dalk jou fout onthou, maar jy moet jou suksesse onthou.”

Lees gou bogenoemde sin hardop. Onthou jou suksesse. Vier jou suksesse. Leer uit jou foute. Leer somer uit ander se foute ook.

Moenie so hard op jouself wees nie. Jy is net van vlees en bloed. Nie ’n superwese nie. Doen wat jy moet doen, doen dit met al jou mag en krag.

INSPIRASIE RESEPTE - *Pasch du Plooy*

“Rump steak” is ’n gunsteling vir my. Dit is baie geuriger as enige ander snit. “Rump steak” of kruisskyf in Afrikaans, word gesny uit die boonste deel van die bees se boud. As gevolg hiervan is dit ’n spier wat baie werk en dus is kruisskyf gewoonlik van jou taaier snitte. Hiervoor maak die snit wel op in smaak en sekere dele het ’n lekker vetjie aan. Die geheim van kruisskyf is veroudering. As jou snit vakuum verpak is, kan jy hom maklik twee tot drie weke in die koudste deel van yskas los, maar maak ook seker jy koop kwaliteit vleis.

Pangebraaide kruisskyf met brandewyn sampioensous
Vorbereidingstyd – 30 min
Kooktyd – 20 min
Bedien - 4 mense
Vir die biefstuk
4 x 250g 2 cm tot 2.5 cm dik biefstukke
2 eetlepels olyfolie
4 eetlepels botter
Sout en peper
1 Knoffelbol, gehalveer
4 stokkies vars tiemie, roosmaryn of salie (nie droë kruie nie, dit gaan brand)

Metode
Maak seker jou biefstuk is op kamertemperatuur. Op ’n snyplank, plaas jou biefstukke langs mekaar, maak jou vleis droog met kombuispapier. Na jou vleis droog is, sprinkel jy bietjie olyfolie op biefstukke. Vryf die olyfolie in die vleis, en maak seker die olyfolie is beide kante van

die vleis goed ingevryf. Sodra die olie ingesmeer is, sout en peper jy die biefstukke aan beide kante. Plaas die knoffel met die gesnyde kant op jou potysterpan, (platboom swartpot werk net so goed). Verhit oor medium hitte tot warm, water moet dadelik verdamp as daarop gesprinkel word en die knoffel donkerbruin is. Maak nou seker jou “extractor” is aan. Probeer om nie olie in jou pan te gooi nie. Braai jou biefstuk 2-3 minute aan ’n kant vir rou tot medium rou, en 4-5 minute vir medium. Baie belangrik is om die biefstukke te los en nie rond te skuif nie. Sodra jou jou 2 – 3 minute verby is voeg dan jou botter en kruie in jou pan en braai vir nog ’n minuut tewel jy die botter en kruie heeldyd oor vleis skep. Verwyder jou biefstukke van jou pan en rus dit op jou snyplank vir nog 2 -3 minute voor jy bedien.

Vir die sampioensous
500g gemende sampioene (wit, portabello, shiitake, bruin) ’n 1/3 fyn gekerf, ’n 1/3 in blokkies gesny, 1/3 net gehalveer
2 uie, fyn gekerf
2 knoffel huisies, fyn gerasper
4 bees aftreksel sakkies (Woolworths of Ina Paarmans)
½ koppie brandewyn
4 eetlepels botter
2 eetlepels meelblom
1 teelepel vars tiemie
1 loerierblaar
4 eetlepels pietersielie, fyn gekap
Sout en peper

Metode
Smelt die helfte van die botter in ’n medium kastrol. Voeg nou jou uie, knoffel, tiemie en loerierblaar by. Braai die uie oor ’n medium hitte vir 5 minute tot dit goudbruin is. Draai die hitte tot hoog, en voeg jou sampioene en die res van die botter by. Braai vir nog 5 minute, gooi nou die brandewyn by (versigtig oor gas, dit kan opvlam as die alkohol afkook). Sodra die brandewyn amper verdamp het, verlaag die hitte en roer die aftreksel in. Sprinkel die meelblom eweredig in en roer goed. Meng nou jou room by. Bring tot kook en kook vir 2 minute. Geur na smaak met sout en peper. Meng laastens vars kruie by voor bedien.

Bedien biefstukke met bietjie van die pan botter, knoffel, bros kruie en lekker tjips!
Wenk: Haal jou vleis uit die yskas lank voordat jy dit gaan gaarmaak. As jou biefstukke kamertemperatuur is voor jy dit gaarmaak, is dit makliker om medium rou biefstuk voor te berei. Moet ook nie te lank voor jy vleis gaarmaak sout nie, dit veroorsaak dat vleis droog kan word met gaarmaak.

Resep deur Pasch du Plooy
Wenner van die TV reeks Kokkedoor se 3de seisoen in 2019 - www.pasch.co.za



Kom vier Mampoerfees ... met ’n Heilbron-konneksie

• Magda Swart

Dit is weer tyd vir die jaarlikse Mampoerfees, wat op 3 Junie op die terrein van die Willem Prinsloo-landboumuseum buite Rayton, anderkant Pretoria, aangebied word.

Die fees is groot pret vir oud en jonk. Dit gaan nie net oor die proe van mampoer wat gemaak is deur van die land se top-mampoerstokers nie, maar daar is vermaak vir die hele gesin met ’n konsert deur Pieter Koen en ’n uitstalling van veteraanvoertuie en trekkers. Die boere-orkes Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels sal ook sorg vir ’n vrolike atmosfeer.

Die museum se bedrywighede is ook die hele dag aan die gang. Jy kan gaan kyk hoe hulle in die ou dae brood gebak het - én daarvan proe en koop. Daar is ook ’n groot klomp stalletjies waar allerlei lekker eetgoed soos pap en kaiings en afval gekoop kan word, asook handgemaakte artikels.

Vanjaar se fees het ’n sterk Heilbron-

konneksie met Alwyn Swart, ’n boer in die distrik en bekende stoker, wat as voorsitter dien van die Kultuurstokersgilde, wat die fees aanbied.

Hy is reeds byna sy hele lewe betrokke by die gilde én fees. Hy was in 1983 op die stigtingsvergadering van die destydse Landboudistilleerdersgilde, voorloper van die huidige gilde. Hy was die afgelope sowat 30 jaar lid van die direksie en was jare lank ondervoorsitter.

Sedert daardie eerste dae was hy elke jaar betrokke by die fees en die stokery op sy plaas Tot-hier-toe gaan ook steeds van krag tot krag.

Alwyn het in dié tyd byna elke moontlike skild en trofee vir die stook van mampoer gewen.

Self drink hy nie eintlik nie. Vir hom is dit ’n liefdestaak.

“Dis ’n henge werk om te stook. Maar ek doen dit om die kultuur op sy tradisionele manier te laat voortbestaan en dit oor te dra aan die volgende geslag.

“Die genot van ’n goeie mampoer maak dit alles die moeite werd. Veral deesdae my

eiesoortige roosblaar-brandewyn wat van die gestookte produk gemaak word. Hy smaak vorentoe.”

Sy vrou, Izerka, en twee seuns, Nico en Du Preez, is ook betrokke en tussen hulle het hulle ook al talle medaljes met hul tuisgestookte drank gewen – goud, silwer en brons – te veel om op te noem.

Dit het destyds begin met perskemampoer, maar vandag stook hulle innoverende drankes – van perskes tot vye, pruime, appelkoos, sitrus en pynappel – noem maar op, hulle stook dit. En hulle maak likeure vir elke smaak.

Izerka se roomlikeure is wyd bekend en sy het telkens in die laaste 15 jaar weggestap as klaswenner in dié afdeling.

Vanjaar maak hulle weer reg om die groot pryse Heilbron toe te bring met verskeie soorte mampoer, witblits en likeur wat vir die landwyse kampioenskap ingeskryf word.

Heilbronners kan gerus Saterdag ’n draai by die fees gaan maak en gaan kyk en proe hoe dit gedoen word.

Toegang is R60 (volwassenes), R40 (kinders) en R20 vir ’n parkeerplek.



Alwyn Swart en sy vrou, Izerka, met een van die bottels wat vanjaar ingeskryf word vir die kampioenskap.



Dié een proe én lyk reg om ’n prys te wen, meen Alwyn Swart.

Winter Sale

Business Cards FULL COLOUR SINGLE-SIDED

250x	R 290.00
500x	R 380.00
1000x	R 550.00

A5 Flyers FULL COLOUR SINGLE-SIDED

100x	R 290.00
250x	R 450.00
500x	R 650.00
1000x	R 950.00
2000x	R 1490.00

Correx Boards FULL COLOUR SINGLE-SIDED

600x800mm	R 160.00
2500x1250mm	R 999.00

A5 Invoice/Delivery/Receipt Books FULL COLOUR

5x	R 1400.00
10x	R 1800.00
20x	R 2199.00

For an extra R110.00 we will send your order to any Postnet in South Africa

VALID UNTIL 30 JUNE 2023
*ALL PRICES ARE EXCLUDING VAT AND DESIGN COST

Heilbron Herald
058 852 3033
herald@heilbron.co.za

SOLAR VIBE

ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES

47 Ellison Street, Heilbron 060 908 9009 | admin@solarvibestore.com

All Electrical & Solar Appliances available in store!

Orders placed with next day delivery

Solar installations & After Services

Raadsrolle: Munisipale bestuurder

• Raadslid Phillip van der Merwe
Heilbron

Die munispale bestuurder is sonder twyfel die grootste rolspeler in die munisipale opset. Hy/sy is die rekenpligtige beampte van die munisipaliteit en as sulks primêr verantwoordelik vir die bestuur van die munisipaliteit se finansies. Hy/sy moet leiding en advies gee aan sy/haar personeel asook aan politieke strukture en ampsbekleërs in die munisipaliteit ten einde te verseker dat deurentyd voldoen word aan die vereistes van die Munisipale Finansieswet en ander tersake wetgewing. Buiten vir magte en bevoegdhede wat deur wetgewing aan hom/haar uitsluitlik toegeken word, kan die raad meer bevoegdhede ook aan hom/haar delegeer ten einde die administrasie en bestuur van munisipale sake meer effektief te maak. Ten aansien van hierdie gedelegeerde bevoegdhede het hy/sy egter nie 'n totaal vrye hand nie en moet hy/sy so dikwels as

wat die raad mag vereis verslag doen oor besluite geneem en uitgevoer ooreenkomstig sodanige delegasie. Hy/sy moet sy pligte vervul met eerlikheid, goeie trou en integriteit en moet deurgaans in die beste belang van die munisipaliteit optree. Hy/sy moet alle wesenlike feite wat beskikbaar is of redelikerwys bekom behoort te kan word wat 'n invloed op raadsbesluite mag hê onder die burgemeester en raad se aandag bring ten einde enige moontlike benadeling van die munisipaliteit te verhoed. Hy/sy is getaak om toe te sien dat munisipale bronne effektief, kundig en ekonomies aangewend word en dat volledige rekords gehou word van alle finansiële sake en transaksies. Dit sluit in risikobestuur en die voorkoming van ongemagtigde en/of onreëlmatige en/of vrugtelose uitgawes of ander verliese asook die neem van dissiplinêre en/of kriminele stappe teen enige persoon wat moontlik aan wangedrag skuldig bevind mag word.

Die munisipale bestuurder is vervolgens verantwoordelik om toe te sien dat die munisipaliteit beskik oor beleidstukke en Bywette, ook 'n Skuldinvorderingsbywet en Verkrygingsbeleidstuk waarin reëls vir die aankoop van goedere/dienste en die toekenning van tenders gereguleer word. Interessant is dat die munisipale bestuurder nie self lid is van die komitee wat tenders toeken nie, maar wel 'n oorsigrol vervul om toe te sien dat die bepalings van die verkrygingsbeleid nagekom word. Meer interessant is dat raadslede geensins by sittings van die tenderkomitee of besluitnemingsprosesse teenwoordig mag wees nie – nie eers as waarnemers nie. Die munisipale bestuurder is voorts verantwoordelik vir bestuur van die munisipaliteit se bates, inkomste, uitgawes en spesifiek ook die koste verbonde aan die personeelkorps. Hy/sy moet toesien dat spandering slegs ooreenkomstig die goedgekeurde begroting geskied en die raad inlig oor enige moontlike verwagte tekorte en oorspanderings. Waar nodig

moet hy/sy aanbeveel dat die raad 'n aanpassingsbegroting oorweeg. 'n Verslag oor inkomste gerealiseer en uitgawes aangegaan moet maandeliks aan die raad en Tesourie verskaf word. Uit voorafgaande blyk dat die munisipale bestuurder primêr in beheer is van alle aktiwiteite in die munisipaliteit en die finale verantwoordelikheid daarvoor dra. Logieserwys kan hy/sy so 'n reusetaak nie alleen behartig nie en het hy/sy dan ook senior bestuurders soos die hoof finansiële beampte en direkteure van die korporatiewe-, gemeenskapsdienste- en tegniese afdelings, aan wie hy/sy take kan delegeer, tot sy/haar beskikking. Hierdie senior bestuurders taak dan weer hul personeel met verantwoordelikhede, en moet toesien dat hulle die werksaamhede van die munisipaliteit uitvoer, maar uiteindelik bly die munisipale bestuurder uitsluitlik die finaal verantwoordelike persoon wat aan die raad en Tesourie rekenskap van suksesse en mislukkings moet gee.

Twin Mosia: A Dedicated Steward of Heritage and Culture in Petrus Steyn

In the vibrant community of Petrus Steyn resides a remarkable individual named Twin Mosia. With an unwavering commitment to heritage, culture, and environmental conservation, Twin Mosia has made significant contributions to the local community and beyond. Recently, his dedication was recognized when he was appointed to serve on the Free State Provincial Heritage Resources Authority council (FSPHRA). Twin Mosia's deep appreciation for heritage and culture traces back to his

childhood living in Petrus Steyn. Growing up in a community steeped in traditions and history, he developed a profound understanding of the importance of preserving cultural heritage for future generations. His early exposure to storytelling, music, and traditional practices ignited a flame within him, sparking a lifelong passion for safeguarding the intangible and tangible heritage of his people. Over the past nine years, Twin Mosia has demonstrated exceptional dedication to

heritage, culture, and environmental conservation. His contributions have been instrumental in raising awareness and fostering a sense of pride in the local community. Through his tireless efforts, he has organized numerous events, exhibitions, and workshops, aiming to promote cultural diversity, unity, and appreciation. Twin Mosia's initiatives have not only celebrated the vibrant traditions of Petrus Steyn but have also served as platforms for intercultural dialogue and exchange. By inviting neighbouring communities to participate and share their own cultural practices, he has fostered an inclusive environment where diverse voices are valued and celebrated. Twin Mosia's exemplary work did not go unnoticed. The MEC of the Free State Department of Sports, Arts, Culture and Recreation recognized his steadfast faith, loyalty, and dedication to heritage, culture, and environmental conservation. In a heartfelt commendation, the MEC expressed appreciation for Twin Mosia's remarkableness. In Petrus Steyn, Twin Mosia stands as a beacon of hope and dedication to heritage, culture, and

environmental conservation. Through his relentless efforts, he has demonstrated the transformative power of preserving and promoting cultural heritage. As a member of the FSPHRA council, Twin Mosia is poised to make an even greater impact, shaping policies and decisions that will safeguard the rich heritage of the Free State province for generations to come. His story serves as a reminder that individuals, through their passion and commitment, can truly make a difference in their communities and beyond.



Twin Mosia and Michelle Constant from SAfm.

Modelskou maak opspraak

Model Manifest Heilbron het op 6 Mei 2023 'n plaaslike modelskou aangebied op die terrein van Hinterland Tak (Senwes), te Heilbron. Heilbron gemeenskap was die geleentheid gebied om te deel in die oggend se opwinding as publieke toeskouers en het sodoende bygedra tot die reuse sukses van die "Cowboy" tema modelskou. Mev. Anita Buitendag (Model "Coach") het die opening en verwelkoming waargeneem, waarna modelle om die beurt hul onderskeie loopplanktegnieke weergegee het. Die loopplankwerk was hoofsaaklik verdeel in twee kategorieë, nl. informele

dagdrag, asook formele aandrag, waartydens modelle hul uitrustings, sowel as loopplanktegniek ten toon gestel het. Die hoogtepunt van die dag was die choreografiese groepwerk, waartydens die betrokke modelle 'n spesifieke tema uitgebeeld en voorgestel het. Ná afloop van die oggend se verrigtinge, was daar ook geleentheid gebied aan die publieke toeskouers om hul eie unieke draaie op die loopplank te maak, wat natuurlik vet pret en groot humor besorg het. Model Manifest wil graag elke toeskouer bedank vir lojale ondersteuning, sowel as elke persoon en instansie wie deel uitgemaak het as bydrae om die dag se sukses te verseker.



Micke Albertse en Liza Grobler.



Bella Fernandes



Kathleen Broodryk



Mekayla Rochat

Kwalifiseer as afslaer

Frik Marais het onlangs sy kwalifikasie as afslaer by S.A. College of Auctioneering ontvang. Na baie harde studie en baie toewyding het hy uiteindelik sy doel bereik. Frik het nog altyd 'n passie gehad vir die veilingsbedryf en het nooit opgehou om sy vaardighede te verbeter nie. Hy het deur die jare heen geleer dat sukses nie net 'n produk is van talent nie, maar ook van deursettingsvermoë en 'n strewe na uitnemendheid. Met sy nuwe kwalifikasie in die hand is Frik gereed om sy kundigheid en ervaring te gebruik om suksesvolle veilings te hou en kopers en verkopers bymekaar te bring. Die toekoms blink vir Frik as professionele afslaer, en hy sal sekerlik 'n impak maak op die veilingswêreld.



KENNISGEWINGS

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **Luitlöleng**
First names: **Jacob Molefi**
Estate Number: **007687/2022**
Identity/passport number: **570724 5777 086**
Date of death: **19/08/2022**
Last address: **2154 Phiritona**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
Name and address of Executor or Authorised Agent:
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650
P.O. BOX 205/591
HEILBRON, 9650
E-MAIL: aktesh@corven.co.za
TEL: 058 852 2035
REF:
DATE SUBMITTED: 2023/05/17
Publication date in the
Government Gazette: 2023-05-26

KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MATTHYS JOHANNES BEYERS**,
Identiteitsnommer: **350818 5018 081** in lewe 'n Pensioenaris woonagtig te Die Meent Nr. 3, Reitz, 9810.
DATUM VAN AFSTERWE: 18 FEBRUARIE 2023
BOEDELNOMMER: 002744/2023
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres.
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6, REITZ, 9810



DIENTSTE

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

AANDAG!

Alle Heilbron Kunstenaars

Ons nooi graag kunstenaars uit om hul kuns ten toon te stel by Riemland Museum se eerste kuns uitstalling vir 2023!

Kontak

Lans - 081 898 1457

Om jou plek te bespreek en jou kuns uit te stel

HEILBRON ROLBAL- KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.
Kontak gerus vir Hendie Lötter by
058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

TE KOOP

2 Bergfietse te koop.
Skakel Annatjie
082 627 7567
Heilbron

FATHER'S

Vadersdag
18 Junie 2023

TE HUUR

3 Slaapkamer Meenthuis te huur in Heilbron.
Kontak
Jannie Naude
082 571 5183

Office National

NCR Printing
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate & more
100% OPERATIONAL

SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron



HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Silma herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
- Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
3 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
08 JULIE	LANGAFSTANDSKIET	09:00
12 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPOORTSKIET	10:00
19 AUGUSTUS	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
02 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
07 OKTOBER	GROEPERIG SKIET / TROFEE MEET	09:00
14 OKTOBER	TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN	
03 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
18 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD	

Work it Combo!

1. Vintage 100% Cotton Denim Conti Suit
Regular Price @ R352.50 ex VAT each

2. Trade Polycotton Conti Suit
Regular Price @ R187.50 ex VAT each

3. Unisex Super Club 135 T-Shirt
Regular Price @ R89.99 ex VAT each

4. Pro Basic Cap - 6 Panel
Regular Price @ R41.95 ex VAT each

5. Mega Safety Boot Steel Toe Cap
Regular Price @ R374.99 ex VAT each

COMBO 1 R599.99
excl. vat SAVE R95

COMBO 2 R749.99
excl. vat SAVE R110

Prices valid until 31 May 2023 | T's & C's Apply
Additional cost to be added for delivery branding & reflective tape.
Contact Silma 083 363 5553 and place your order at marketing@heilbron.co.za

HOU HEILBRON SKOON

PLOEG SEMOER

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751
www.ploegsemoer.com

Solar Floodlights
Battery & Chargeable Emergency Lights from R55
Flashlights from R55
Emergency Bulbs
Rechargeable Batteries & Chargers
LED Strip Lights

Butane Gas
Portable Gas Stove
Extensions & Adapters
LED Light Bulbs
Panel Lights

Solar Wall Lamp
Headlamp
AA/AAA Batteries

Dandi's FAMILY STORE
Tel: 058 1797 138
43 Elm St. Heilbron

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



Bronnies se gholfdag lok wyd



Op die foto vl: Shaun Hayward en Annamarie Hayward (Eienaar van Bronnies Dagsorg), Magda en Lood Spies en Christelle Adlem.

Daar was 'n mooi gees van samehorigheid verlede Saterdag tydens die Bronnies Kleuterland Gholfdag op Heilbron. Die vier en veertig gholfers was almal daar om die skool, wat die dag se inkomste gebruik om minderbevoorregte kinders finansiële te help met skoolfondse.

Daar was niks te kort aan die dag nie en ouers van die skool het ywerig gehelp om die dag 'n reuse sukses te maak. Die wenners het saam gespeel en is die dag gewen deur Willem van Schalkwyk en Peet Saaiman met 'n netto telling van 58.

Vanaand gaan die poppe dans by die buiteklub met 'n optrede van Barto wat aangebied word deur Hoërskool Heilbron. Daar is kaartjies by die deur te koop. Dit begin om 19:00. Die “joker draw” sal steeds plaasvind en staan die poel reeds op R20 000. Verlede Saterdag se uitslae soos volg:

1. Peet Saaiman en Willem van Schalkwyk 58, RJ Muller en Eben Stander 59.6, Jackie Leonard en Johan Nelson 60.35, Ruan Minnie en GP Rossouw 62.95, Leonard Strydom en Niklaas van der Walt 63.55.

Saterdag sal daar gewone speel wees.



Op die foto verskyn die wenners saam met ander spelers vl: Petri Coetsee, Henco Leicester, Willem van Schalkwyk, Peet Saaiman en Lütke van Dorssen.

CHALK MARKERS

nou beskikbaar

Eisstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

SAME DAY DELIVERY OR COLLECTION
BETWEEN HEILBRON AND...

VAAL (Jasolburg, Vanderbijl, Vereeniging) R85

MEYERTON (Envelope/Small Parcel) R135

(Large Parcel or Items) R200

heilbron@postnet.co.za
058 853 0006
064 988 6078

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00

VRIDAE:
07:30 - 16:30

SATERDAE:
08:30 - 13:00

ELSSTRAAT 44 • HEILBRON
TEL: 058 852 3033

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 29 MEI 2023

DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSdag - 30 MEI 2023

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 31 MEI 2023

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

STANDERTON Varkveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Frek Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 1 JUNIE 2023

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRIDAG - 2 JUNIE 2023

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

EST. 2021

OJ'S

ON LONGMARKET

058 852 1319

BESIGHEIDSURE

Ma-Di: Gesluit

Wo-Sa: 10:00 - 21:00

So: 10:00 - 17:00

AARTAPPEL & PREI SOP!

Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99